SIERAAD VIR AS

Hy't Wonders Gedoen Vir My Siel

J.S. LABUSCHAGNÉ

My Persoonlike Getuienis Van Gods Liefde & Genade.

SIERAAD VIR AS

Hy't Wonders Gedoen Vir My Siel

J.S. Labuschagne B.A. (Stellenbosch)

My Persoonlike Getuienis Van Gods Liefde & Genade

Kopiéreg © 2026 J.S. Labuschagné
Alle Regte Voorbehou

Uitgewer: PJ Stassen
EvangelismRSA
CENTURION

Posthumus opgedra aan J.S. (Hannes) Labuschagne deur die uitgewer:

"Dikwels berei buitengewone
teëspoed gewone mense vóór
vir 'n buitengewone
bestemming."

C.S. Lewis
(1898-1963)

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD 6

1. HOOFSTUK 1: VROEË KINDERJARE 7

My Moeder se Genesing en Bekering 6
Die Lot van 'n Weeskind 8
Wat Skuil daar in 'n Sondagskoollessie? 9

2. HOOFSTUK 2: STELLENBOSCH UNIVERSITEIT 10

Ons Teleurstelling God se Bestelling 10
Die God van Wonders 10
God se Meule Maal Fyn 11
Die Meule word nog Fyner Gestel 13
Ek beland in 'n Stryd 14
Satan praat met my 14
Op die Rand van Selfmoord 14
Die Here is my Herder 15
Die Mens wik maar God beskik 15
'n Merkwaardige Gesig 16
Die Gesig in Vervulling 17
Die Gawe van die Heilige Gees 17
In Vennootskap met die Heilige Gees 18
My Ontnugtering 19
Ek Leer wat die Smaad van die Kruis beteken 20
Julle weë is nie my weë nie spreek die Here 20
Nog 'n Wonder gebeur 21
Ek word voor die Swartspan gedaag 21
Die Here praat weer met my in 'n Gesig 22

3. HOOFSTUK 3: EK TREE TOE TOT DIE BEDIENING 24

Die Geboorte van 'n Herlewing 24
Die Gesig van 'n Groot Dam 25

4. HOOFSTUK 4: DIE UITVOERENDE RAAD ONTBIED MY 26

Herlewing in Brakpan 26
Durban: Die Greyville Resiesbaan Veldtog: Willam Branham 26

5. HOOFSTUK 5: OORDENKING: SIERAAD VIR AS 28

EPILOOG 31

Andrew Murray 31
Dawid ('Mnr. Pinkster'/'Mr. Pentecost') du Plessis 32
William M. Branham 34

OUTEUR & UITGEWER 36

EKSTRA
SOTERIOLOGIÉ: DIE WYSHEID VAN SALIGHEID:
Essays deur die Uitgewer ter ondersteuning van hierdie Verhaal 37

VOORWOORD

As 'n jong, 14-jarige bekeerling in Virginia (OVS), het ek vir die eerste maal van Pastoor Hannes Labuschagné begin kennis neem in 1962 waar ek vir die eerste keer met die AGS (Apostoliese Geloof Sending) kennis gemaak het, en toe ook in daardie historiese jaar van my lewe as jong gelowige gedoop is. Daar ek in die Hervormde Kerk grootgeword het, was my eerste gewaarwordinge van die AGS in 1962 'n vars nuwe belewenis: Vurige prediking, pragtige Evangeliese musiek, 'n dubbel-medium (Afrikaans & Engels) kerkkultuur, en die ontdekking van die Bybel as 'n lewende, polsende boek gevul met lewens-veranderende boodskappe.

Ná my bekering in Virginia in 1962 het ek lang draaie geloop: Ons is terug Transvaal toe, eers Randfontein en daarna Carletonville, waar ek van die geloof afvallig geraak het. Ek het in 1965 gematrikuleer en, op 4 Januarie 1966, het ek by die Pretoria-stasie saam met honderde ander 'rowe' in die groen Weermag-trok geklim vir my verpligte diensplig jaar by Voortrekkerhoogte (Pretoria). In 1974 het ons verhuis na Vanderbijlpark waar my vader 'n besigheid begin het in Attie Fourie straat. Hy het gespesialiseer in tekstiele (gordyn – en rokmateriaal ens.)

Daar het dit toe so gebeur dat ek, ongetroud en in die ouderdom van 27 jr., een Sondag na Hannes Labuschagne gaan luister het, 'n besoekende prediker en nou 'n predikant in die Pinkster Protestante Kerk (PPK). Daarna was my lewe nooit weer dieselfde nie. Daar ek gedurende 1973 opgehou rook het, en dus meer gesondheids-bewus begin word het, was ek so opgewonde en gereed soos 'n atleet by sy wegspring-blokke om weer in diepte by die Evangelie betrokke te raak, en het gevolglik later as jongman in verskeie ampte in my Gemeente gedien. So hoog was die 'skoot' deur dat ek selfs my stel gholfstokke verkoop het.

Nietemin, dit was, deur die jare heen, die prediking van Hannes Labuschagné wat my altyd die meeste geïmponeer het. Kort van statuur maar met 'n reuse, resonante stem, het Hannes oor jare heen getrou in verskeie ampte in die hoofbestuur van sy kerk gedien, en onder andere ook vir 'n termyn as Federale Voorsitter, wat in sekere kerkdenominasies vandag bekend staan as die 'president' (Ai tog).

In die 1990s, toe die nuus van sy dood my in Thabazimbi, waar ek by die Thabazimbi Ysterertsmyn gewerk het, bereik, was ek diep geskok en bitter teleurgesteld. Dit was 'n groot verlies vir die kerk, want, alhoewel Hannes teen daardie tyd alreeds 'afgetree' was, het hy dikwels nog steeds 'opgetree'. Hannes het gesterf toe sy toerbus, op pad terug van Namibië waar hy 'n private Evangelie-veldtog van stapel gehad het, in 'n pad-ongeluk betrokke was. Ek vertrou dat Hannes se verhaal hier deur homself vertel, u sal aanspoor tot groter geloof en vertroue vir u eie lewenswandel.

P.J. Stassen
CENTURION
Julie 2026.

Hoofstuk 1

VROEË KINDERJARE

My Moeder se Genesing en Bekering

Dit is die jaar 1910. Op ‘n plaas in die Koppies distrik lê ‘n vrou van 19 jaar op sterwe. Dit was my moeder. Haar laaste begeerte was dat die ‘Bidders’ vir haar moes kom bid. Hierdie ‘Bidders’ was twee Pinkster-broers wat van plaas tot plaas gery het om die Evangelie te verkondig.

My Oupa van Zyl was ‘n baie kwaai man en het gedreig om die ‘sekte’ te skiet as hulle dit sou waag om hulle voete op sy plaas te sit, en nou staan hy by die siekbed van sy dogter: Sal hy haar versoek weier? Die oudste seun, Jan, word met kar en perde gestuur om die ‘Bidders’ op ‘n naburige plaas te gaan haal.

Nadat hulle gebid het, kon Moeder regop sit en het onmiddellik vir kos gevra. Oupa was so beïndruk dat hy begin vrae vra het, en toe die son daardie aand oor die Vrystaatse vlaktes sak, kniel ou kwaai Jan van Zyl laag aan die die voete van Jesus. God het hom waarlik gered, en was sy lewe lank ‘n aktiewe werker in diens van die Meester. Die hele huisgesin, d.i., vader, moeder, en twaalf kinders is uiteindelik gered en gedoop.

My Moeder was getroud met Christiaan Labuschagné, ‘n onderwyser. Op die 29ste April 1916 het ek die eerst lewenslig gesien op die plaas Rooiwal, langs die Valsrivier naby Bothaville. Ek was die jongste van vyf kinders, vier broers en een suster.

Ons was ‘n baie gelukkige huisgesin, maar in Januarie 1920 sterf my Moeder terwyl ons met vakansie op Parys by familie gekuier het. Direk na die begrafnis het Vader sy doodskis gaan bestel, en, presies een maand en twintig dae later, begrawe ons hom ook. Die oorsaak van sy dood was ‘n gebroke hart.

Ek was nog nie vier jaar oud nie, en het die liefde van ‘n moeder bitter nodig gehad. Net voordat sy haar laaste asem uitgeblaas het, kon sy egter nog vir haar vyf kindertjies bid. Sy het haar hand op my koppie gelê en in die geloof

gebid: "Here, en hierdie outjie gee ek vir u werk; hy moet 'n werker in u koninkryk word."

Die Lot van 'n Weeskind

Die kinders is toe aan die familie uitgedeel. My tweede oudste broer, Jannie, en ek is na 'n broer van my Moeder. Hulle huwelik op daardie stadium was kinderloos, alhoewel hulle al twaalf jaar getroud was.

My lewe as weeskind was een van wreedheid en onreg. Daar het genoeg met my gebeur om van my 'n fisiese en geestelike wrak te maak. Uiteindelik is 'n dogtertjie in die huis gebore, en, toe sy twee jaar oud was, het sy in 'n put verdrink. My tere gemoed moes weer kennis maak met die smarte van die dood, want ons was baie lief vir haar.

Ek is twaalf jaar oud en ons woon op Volksrust. Een van my Moeder se broers, Nico, was pastoor van die gemeente. Een Sondagaand, na 'n ernstige boodskap, het ek my hart aan die Here gegee. Dit het vir my gevoel of ek op wolke loop. Die innderlike vrede was onbeskryflik, want, hoewel ekmaar twaalf jaar oud was, was ek al baie ryp vir my jare. Ek moes my eie skoene versool, my eie kouse stop, my eie klere nasien. Ek was nie toegelaat om in die huis te slaap nie. In die agterplaas, bokant die koeistal, was my kamertjie, wat ek moes deel met bale voer vir die koeie. Daar het ek siek geword, en maar weer gesond geword. Niemand het omgegee nie ... dis mos maar 'n weeskind. Al wat my voogde geken het, was slae, wrede houe met rieme of karstringe. Alles wat verkeerd loop, beteken net weer 'n verskriklike pak.

Sal ek ooit die dag vergeet toe ek die kalf doodgegoohet? Dit het so gebeur: Dit was my verantwoordelikheid om die tuin te versorg en die koeie en kalwers op te pas. Ons het 'n bedorwe kalf gehad wat elke middag deur die doringdraad heining gebars het en dan uitgesuip het. Dit beteken vir my dan net een ding, d.i., weer 'n ongenadige afranseling.

Een middag, terwyl ek besig was om in die tuin te skoffel, hoor ek net drade breek, en daar trek meneer alweer om te gaan uitsuip. Moedeloos en al huilend het ek hom met klippe bestook. Een daarvan tref hom reg agter die kop en hy slaan morsdood neer. En nou, wat nou gemaak? Wie verstaan tog 'n kind se gemoed? Ek het 'n moord gepleeg; my hele lewe lê aan skerwe!

Skoon verbluf gaan blaker ek die hele waarheid by die huis uit. My oom het my aan die hand gevat en vir my begin preek. "Arme dier," sê hy vol gevoel. "Om te dink jy het hom wreed vermoor, met klippe doodgegooi." Toe voel ek éérs ellendig. Nouja, dit beteken net een ding: 'n wrede vergelding. Ek het my drie broekies wat ek besit het, gaan aantrek en gedwee na die folterbank gestap. My oom het my dié dag geslaan totdat ek op die stalvloer rondgekruip en om genade gesmeek het.

Wat skuil daar in 'n Sondagskoollessie?

In hierdie tyd behandel my Sondagskool-onderwyser die les oor Salomo se keuse van wysheid. Daardie aand lê ek weer in my bedjie langs die voerbale met die blaker op my voorkop. Ek het tog so mooi met die Here gepraat. "Ag, liewe Jesus, ek is tog maar net 'n veragte weeskind. Ryk of beroemd sal ek nooit word nie, maar gee my ook wysheid, soos U dit vir Salomo gegee het." Toe ek my Bybel oopmaak, val my oog op die versie: "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here."

Die einde van daardie jaar het ek Standerd 7 geslaag. My tante het my egter weggejaag omdat sy vir my skoolboeke moes koop. Ek is Durban toe, maar ek kon geen werk kry nie, omdat ek te jonk was. Ná agtien maande is ek weer skooltoe; hierdie keer op Steynsburg in Noord-Kaapland. Daar het ek matriek geskrywe. Intussen is ek aangeneem en voorgestel in die NG Kerk, en Dr. Rex, ons predikant, het my gevra om Sondagskool te hou.□

Hoofstuk 2

STELLENBOSCH UNIVERSITEIT

Ons Teleurstelling God se Bestelling



Ná matriek het ek op die Spoorweë begin werk, eers in Durban, en later in Johannesburg. Ek het egter 'n brandende ambisie gehad om verder te studeer, maar waar sou die geld vandaan kom? Ek het my werk opgegee en 'n toneelgeselskap gestig. 'n Nederlandse drama is in Afrikaans verwerk en ons het begin met die instudering. My maat was egter ook 'n teruggevallene soos ek en alles het verkeerd geloop. Sy kind het ernstig siek geword, en, op aandrang van sy vrou, het ons tou opgegooi.

Daar sit ek sonder werk. Dit was moeilike jare, net vóór die Tweede Wêreld Oorlog, en werk was uiters skaars. 'n Maagsweer het my laat uitteer. My slaapplek was by mense in die spens op die vloer. En daar, in my uiterste nood, het eek een nag begin roep na die Here. God laat baie keer 'n krisis in ons lewe toe om ons tot besinning te bring. Ek wou my eie kop volg en was ambisieus. Maar daar in die hemel het God 'n notatjie in Sy boek gemaak; dit was die gebed van 'n gelowige moeder: "Here, hierdie outjie gee ek vir U werk." En, God het nie vergeet nie.

Daardie nag het ek my onvoorwaardelik op die Here se genade gewerp. Ek sou egter nog duur skoolgeld betaal voordat die Here met my tevrede sou wees.

Die God van Wonders

In daardie tyd stuur die Here 'n ou vriend van die werk na my toe. Hy was ongetroud en bied aan om my te laat leer. Dit was amper te goed om wáár te wees. Vandag verstaan ek hierdie dinge beter, omdat ek Hom beter ken. Dit is

net soos Hy is ... wonderbaar! Aan die begin van 1939 is ek vervolgens na die Universiteit van Stellenbosch. O, hoe gelukkig het ek nie gevoel nie ... uiteindelik sou ek my ideale kon verwesenlik!

Ek was baie aktief in kerkkringe: sing in die studente-kerkkoor, en leier van die CSV (Christen Studente Vereniging). En, tog het ek maar saam met die stroom beweeg. Dikwels het die Heilige Gees my op die dansbaan gearresteer. Wat soek ek hier? Dan het ek maar weer voortgegaan soos voorheen. Die Here was besig met my, maar Hy sou my eers in Sy drukgange moes vaskeer voordat ek gehoor sou gee. Ek het ook nie n duidelike besef gehad van wat God van my verlang nie.

Ongeveer twee jaar het verbygegaan, maar God het weer na Sy notaboekie gekyk: "Here, hierdie outjie gee ek vir U werk." Daar was net een manier om my weer in die fokus van Sy soete Wil te bring; ek moes weer deur 'n krisis gaan. Eienaardig hoedat die Here krisisse in ons lewe gebruik om Sy doel met ons te bereik. As 'n mens in die krisis isdan sien jy net rook en vuur, en jy verbeel jou alles is tot niet. Toemaar, dit is maar net die hout, hooi en stoppels wat verbrand (1 Korinthiërs 3:12AOV). Die goud, silwer en edelgesteentes sal bly.

God se Meule maal Fyn

In 1 Korinthiërs 3:9 sê die Bybel: "Want ons is medewerkers van God." Dit beteken dat ons saam met God aan dieselfde projek werk. Wanneer ons 'n saak gelowig in gebed na die Here toe bring, dan 'verplig' ons God om te werk. God se eie getrouheid verplig Hom, want Hy kan Homself nie verloën nie. Ons weet ook dat God niemand dwing om Hom te dien nie, maar Hy kan ver gaan om ons te dring as daar 'n medewerker gevind kan word.

So het dit dan gebeur dat die Here my in Sy meule laat beland het. Ja, Hy moes hom fyn stel om my eie harde wil tot poeier te maal. In my derde jaar op Universiteit begin dinge met my skeefloop. Was u al ooit op 'n plek waar dit lyk of niks wil regloop nie? Omstandighede het eenvoudig soos onweerswolke om my saamgepak en my in 'n verbete stryd gedompel. Snags laat, wanneer almal slaap, het ek die gal van my siel in versvorm probeer giet. Ek het uit my studies in die letterkunde agtergekom dat alle mense maar op soek is na 'Nirvana', 'n soort hemel waar geluk en vrede heers. Almal soek ontvlugting uit hul knellende omstandighede.

Dit het dan ook soms werklik gevoel of daar verligting kom, om maar net weer uit te vind dat dit 'n lugspieëling was. Ek het probeer om die eensaamheid van my hart, my verlange na liefde, te versadig in die onwerklike atmosfeer van die bioskoop. Ek het letterlik daar geboer. Dan projekteer ek myself in die held en vergeet my eie ellende. Kom ek egter weer huistoe, d.i., na die aaklige werklikheid tussen die vier grys mure van my daaglikse roetine,

dan verval ek maar weer in die ou modderspore op moedverlore se vlakte., en dig maar:

Lag, jou lafaard, lag
En skree totdat jy hees is vir die grap
Drink jou dronk en wees 'n held.
Tevrede met jouself.
Laat vloei jou trane terug
Na waar dit oorloop uit jou hart,
En as jy somtyds pynlik sug
Versmoor dit met 'n lag.
Sluit dig die oog,
En tas maar blind
Na vastheid in die wind.
Lag, jou lafaard, lag
En skree totdat jy hees is vir die grap.

Soms kom daar tydelike berusting:

Lê maar stil my kind, lê stil,
Want koud is die wind en kil.
Jy woel en werskaf
En worstel met wat?
Soos 'n dier wat krap
Teen die draad van sy hok
En byt met bebloede bek.
Lê maar stil, my kind, lê stil,
En sluit maar die oog as jy wil.
Want koud is die wind en kil.

En, wanneer ek van uitputting uiteindelik in die vroeë oggendure aan die slaap raak, dan vou die vergetelheid van die slaap my genadiglik in sy arms toe.

Al wat ek is begeer om stil te wees,
Om stilweg die pyn van my hart te genees
In 'n sugsagte sluimer waar ruimer gedagtes in vrede verdwaal.
Met 'n oor wat nie hoor hoe die reën teen die ruit
Van my venster kom fluister,
Asof jy my vra, en dan luister
Of die nagtelike duister my antwoorde dra.
Ek wil stil wees vannag, want die stilte gee my krag.

Daar was tye wat ek ook gebid het, en selfs vertroosting in die Skrif gesoek het, maar die sluier van God se verborgenhede was oor alles heen getrek.

Van my wil jy die antwoord weet
Wat God ons skuldig bly;
Van my wat self so diep bewus
Van eie onvolmaaktheid is
Wil jy vertroosting kry.
Vergeefs het my verstand gedelf
In Gods geheimenis
Wie kan met mense-oog die nag
Se diepte peil eerdat die dag
Daaruit gebore is?

Die Meule word nog Fyner gestel

Ek het nog gereeld kerktoe gegaan. Op Stellenbosch was dit die mode. Almal gaan kerktoe. Waar jy gisteraand was, op die dansbaan of besope op die een of ander partytjie, maak nie saak nie; Sondag gaan almal kerktoe.

Daar was ‘n Ds. A.F. Louw, ‘n bekeerde predikant en ‘n familielid van Dr. Andrew Murray. Hy het my dikwels geroer met sy prediking maar, omdat hy nooit ‘n uitnodiging gegee het nie, het ek gou weer afgekoel. Hy was egter soos ‘n stem in die wildernis, want in Stellenbosch, die bakermat van die Afrikaanse intellektuele, was dinge soos bekering nie juis ter sprake nie, altans, nie in die kringe waar ek beweeg het nie. In kort, ek was hopeloos teruggeval en gevolglik verlore. My godsdiens was dié van ‘n tipiese Fariseër; so ook my gebede.

Die Junie-Julie vakansie breek aan. Al die studente gaan huistoe. Ek het nie ‘n huis om heen te gaan nie. Vir my wag daar nie ‘n warm groet van verlangende, liefdevolle ouers nie. Hier in my binneste laai daar ‘n bitterheid op. Ja, ek het selfs God se liefde begin bevraagteken. Ag, hoe dom kan ‘n mens tog nie soms wees nie! Asaf roep uit in Psalm 73:21-22: “Toe my hart bitter gestemd en ek in my niere geprikkel was, toe was ek dom en het niks geweet nie; ek was ‘n dier by U.”

‘n Student is maar altyd platsak. Ek het dit dus verwelkomtoe ek genader word om te help met die vertaling van Andrew Murray se werke uit Engels en Nederlands na Afrikaans. Terselftertyd beskik die Here vir my ‘n verblyfplek vir die vakansie in die huis van een van ons professore. Ek het my gou tuisgemaak in die ou professor se studeerkamer, en met ywer my taak aangepak. Altesaam het ek 700 bladsye van daardie godsman se werke vertaal.

Sien, dit was alles deel van die plan van God. Die Here wou met my praat, en, terwyl ek my gees verdiep in die geseënde woorde van hierdie profeet, het ek myself in ‘n hoek vasgekeer. Daar het die Here die meule finaal gestel.

Ek beland in 'n Stryd

Die Here het so duidelik en direk met my gepraat deur hierdie boeke(deur Andrew Murray) dat ek soms aan die bewe gegaan het; ek kon bv. nie eens my pen vashou nie. Dan het ek soos 'n goeie Fariseër op my knieë gegaan en vir ander mense gebid, die hospitale, weeshuise, ou mense en someer.

Die stryd word al hoe erger. Ek kan nie eet of slaap nie. Ek loop soos 'n besetene langs die rivier op en af. Vyf dae en nagte gaan so verby. Vlees en bloed kan dit nie langer verduur nie. Vrydagaand breek aan. Die weer is al heel week so mistroostig. Kort-kort val daar 'n akker op die dak as die wind die ou akkerboom so effens skud. Origens sif die motreën onophoudelik neer. Al hierdie dinge is nie bevorderlik vir 'n rustige gemoed nie, allermins vir my eie stormgeteisterde innerlike.

Satan praat met my

Terwyl ek daar op die walle van die Eersterivier staan, kom die Satan na my toe. Ek weet hy is 'n werklikheid. Die bladlose bome lyk soos afskuwelike gedrogte wat met benerige vingers die hemele beskuldig, terwyl die watervloed hier aan my voete onophoudelik verby dreun.

"Jy sê daar is 'n God van liefde," begin die Satan. "Waarom gaan dit so met jou? Kyk, toe jy nog nie vier jaar oud was nie, het die Here jou ouers weggeneem. Toe jy die liefde van 'n moeder die nodigste gehad het, is jy wees agtergelaat. Is dit die werk van 'n God van liefde? En, kyk bietjie na jou lewe as weeskind: Hoe kan 'n God van liefde sulke onreg toelaat?" In hierdie trant het hy vir 'n lang tyd voortborduur, en ek het nie vir hom 'n antwoord gehad nie. Uiteindelik sê hy vir my: "Kyk, die rivier is vol en die stroom is sterk. Spring daar diep in die malende water.. Neem jou eie lewe; so kan jy nie voortgaan nie!"

Ek het daar op die wal van die rivier gestaan, moedeloos, verlore, ven erlate van God en mens (so het ek gedink). Dit het sag gereën, maar hier in my binneste het die hael geknetter en die bliksem getref.

Op die Rand van Selfmoord

Ek het daar op die wal van die bruisende watervloed gestaan. Voor my was egter nie net water nie. Ek het op die rand van die Ewigheid gestaan. Net voordat ek egter onherroeplik in daardie siedende stroom kon spring, het daar iets wonderliks gebeur. Vir een of ander onverklaarbare rede het ek skielik op die aarde neergesyg en het ek letterlik uitgekryt: "O God, wees my sondaar genadig!" Dit was nie een van daardie mooi gewoonte-gebedjies nie, maar die

angsroep van 'n siel in nood. Die Skrif leer mos in Psalm 51: "God soek na die waarheid in die binneste." God soek na die gebed in ons gebede.

Die Here is my Herder

Onmiddellik het 'n geweldige las feitlik waarneembaar van my afgerol en die woorde van Psalm 23 kom so voor my geestes-oog verbygesweef: "Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie." Skielik het ek besef dat die Goeie Herder vir my, die verdwaalde lammetjie, opgetel en aan Sy bors gedruk het.

Ag, hoe veilig het ek nie gevoel nie! Ek was nie meer bang vir die gehuil van die wolwe of die getjank van die jakkalse nie. In daardie oomblik het die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, my hele wese gevul. God het Homself aan my in daardie bekende versie geopenbaar. Die Here is my Herder, en niks sal my ontbreek nie. Skielik was die leemte hier binne gevul, d.i., die leemte wat al die jare daar was sedert my Moeder se dood. Moederliefde het ek omtrent nie geken nie, maar hierdie genadestroom wat nou my hart oorvloei het, was méér en beter as 'n moeder se liefde; dit was voldoende.

Ek het van my knieë opgestaan met 'n innige en tere dankbaarheid vir 'n God van liefde wat my op die rand van selfmoord gered het. Ek is tog nie beter as duisende ander wat al selfmoord gepleeg het nie. Ek was maar net iemand wie 'n moeder gehad het wat die Here geken het, en my met gebed aan die altaar van genade vasgebind het.

Dit was reeds laat in die nag, die strate was verlate.. Intussen het die wolke verdwyn en die maan het skitterwit aan 'n helder sterrehemel gesit. Alles was so mooi en skoon. Die druppels water wat aan die draadheining gehang het, het soos pêrels in die maanlig geskitter, en hier binne-in my hart was dit skoon, spierwit gewas in die bloed van Jesus.

Ek is toe dadelik na my kamer, want ek was uitgeput na so uitgerekte stryd. In my kamer het ek net so op my bed neergeval en feitlik onmiddellik aan die slaap geraak. O, hoe soet is die slaap van hulle wie se sondes vergewe en oortredinge uitgewis is!

Die Mens wik maar God Beskik

Die volgende dag is ek na Ds. Louw toe om hom die goeie nuus te vertel. Hy het dit baie waardeer omdat hy self gered was. Hy het vir my gebid en ek is daar weg. Ek het onmiddellik 'n drang gevoel om vir die Here te gaan werk en het begin reëlings tref om 'n predikant te word in die N.G. Kerk. Die Here het egter ander planne vir my gehad. Is u verbaas dat ek Hom liefhet? Hy tog is wonderbaar! Sy weë is ondeurgrondelik, halleluja!

'n Merkwaardige Gesig

Terwyl ek met die Desember-Januarie vakansie in Durban by familie kuier, nooi hulle my een Sondagoggend kerkdiens toe. Dit was by die AGS, en die jongmense het 'n tyd van herlewing beleef. Hulle het geweet dat ek aan die NG Kerk behoort, en wou so bietjie spog met hulle pastoor wat 'n goeie boodskap gedra het. Tot hulle teleurstelling is hy egter die besondere Sondagoggend nie in die diens nie. Hulle hou toe maar 'n 'getuienisdiens'. Ook was dit deel van God se Godsplan vir my. Wat my die meeste die oggendgetref het, was die jongmense se vurige getuienisse en hulle vrymoedigheid om dit te deel.

Ek staan toe ook op om te getuig maar vind toe dat my broek so bewe dat ek skaars op my voete kon staan. Daar doen ek toe die ontdekking wat my ganse lewensloop sou verander. Die jongmense het iets wat ek nie het nie! Dit was vir my moeilik om dit te erken, want as stoere NG man het ek heimlik 'n bietjie neergesien op Pinkstermense.

Die volgende oggend word ek met die eerste dagbreek wakker. Ek skuif die gordyne weg en bewonder die lieflike daglumier.Onmiddellik toe ek my kop weer op die kussing neerlê, trek die Here my in die Gees weg. . Ek bevind my met 'n skoon pak klere aan tussen 'n klomp mense. Een van hulle kom na my toe en sê: "Ons het besluit om jou te vra om ons te lei." (Ek het aan 'n 'Berg- en Toer klub' behoort waar ons altyd 'n gids gehad het wat die berge geken het). Dit is opmerklik dat die Here met mens praat in 'n taal wat jy die beste verstaan.

Wel, hierdie mense vra my toe om hulle gids te wees. Ek stem toe in, maar vra verlof om eers die pad vorentoe te inspekteer, en kom toe by 'n vurk in die pad. Die linkerhandse pad was breed en besaai met baie blomme en ook met die see aan een kant, waarlik 'n lus vir die oog. Die regterhands pad is sommer so nou paadjie wat maar taamlik oninteressant oor die bulte heen kronkel.

Ek neem toe onmiddellik die breë pad, met die doel om darem vir die mense iets te kon wys langs die pad. 'n Man, met 'n motor vol mense, kom my egter teë en ek stel my penarie aan hom. "Watter is nou die regte pad?" vra ek, en ek beklemtoon die feit dat ek 'n groot verantwoordelikheid het, want ek het 'n klomp mense wat in my sorg geplaas is.

Die bestuurder van die motor antwoord toe: "Man, hierdie breë pad lyk wel vir die oog baie mooi, maar ek moet jou waarsku, dit is vol slaggate en buitendien gaan dit nie na die plek waarheen jy op pad is nie. Daar is net een pad wat na jou destinasie lei, en dit is daardie nou paadjie."

Ek sê toe vir hom ek sien nie kans vir daardie eensame pad nie, want ek het nie padkos soos sy mense nie. Elkeen van hulle het 'n rugsak vol padkos gehad wat hul, soos 'n bergklimmer, gewoonlik saam met hulle kon neem.

"O dit?" sê hy. "Moenie bekommerd wees nie. Kyk, net daar waar jy staan is jou padkos." Ek kyk toe en sien 'n pakkie met toebroodjies en 'n paar lemoene op die grond lê. Net toe ek dit optel kom die persoon wat my gevra het om hulle te lei en sê: "Die tyd is nou ryp: jy moet nou kom."

Toe ek by myself kom, lê ek in my kamer op my bed, verbaas oor die uiters heldere gesig wat ek gehad het.

Die Here laat die Gesig in Vervulling tree

Dit is einde Januarie 1942 en ek is op pad terug na Stellenbosch vir my vierde jaar. Op Volksrust kuier ek vir 'n week by my Oom Nico van Zyl, destyds pastoor van die VEK (Volle Evangelie Kerk van God). Ek hoor toe hulle praat van 'n doopdiens die Sondag. Dit het egter niks met my te doen nie, want ek is NG en ek gaan nou vir predikant studeer. Hulle het ook nie gewaag om met my oor die doop te praat nie, want ek het rotsvas by my kerk gestaan. Die Satermiddag sit ek alleen op die stoep, besig om te bid. Ek het gebrand om te weet wat God se doel in my lewe was en wat die gesig van die week vantevore kon beteken.

Terwyl ek nog so in gebed verkeer, kom die gesig weer voor my geestesoog. Toe ek by die plek kom waar ek die padkos optel, sê 'n stem duidelik en dringend: "Waarom versuim jy, staan op en laat jou doop, en jy sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Dit was die Here wat met my gepraat het. Ek staan toe onmiddellik op en sê vir my oom, Pastoor van Zyl: "Oom Nico, sal u nie asseblief môre hierdie NG-man ook doop nie?"

Trane van blydskap en oorwinning het daarna gevloei, want ek vind toe uit hoe baie hulle vir my gebid het. Op Sondagmiddag, 2 Februarie 1942, is ek toe gedoop deur onderdompeling in 'n spruit naby Newcastle.

Die Gawe van die HeiligeGees

Die volgende oggend kom my tante na my toe. "Hannes", sê sy, "die Here wys vir my Hy wil jou doop in die Heilige Gees voordat jy vertrek Stellenbosch toe." Daardie middag om twee-uur het ons die sitkamer se deur agter ons toegemaak en begin bid. As daar ooit iemand was wat behoefte gehad het aan die krag van God, dan was dit ek. Maar, dit moes eg wees. My hele opleiding het my geleer om vastigheid te soek in al my ondervindings. Een van my vakke was sielkunde, en toe ek op my knieë neersak om te bid, was die siele-vyand onmiddellik by.

U weet hoe skepties NG mense in daardie dae teenoor die doping in die Heilige Gees gestaan het. Vandag is daar selfs predikante wat in tale spreek. Maar die getroue God van erbarming het my nie vergeet nie. Die Heilige Gees gee my net een Skrifgedeeltewaarmee ek die vyand kon beveg, en dit was Jakob se woorde aan God toe hy met Hom geworstel het: "Ek sal U nie laat gaan voordat U my geseën het nie."

Dit het 'n heilige vasberadenheid in my binneste geskep. Die vyand het hard probeer om my van die seën te berowe deur allerhande sielkundige argumente

te opper, maar ek het gevind dat die *Swaard van die Woord* geweldig skerp en effektief is. Die eerste uur is verby en die stryd duur voort. Die tweede uur is naderhand ook verby, en geen oorwinning is nog in sig nie. Die derde uur het gekom en gegaan, en nog hou ek vol: "Here, ek sal U nie laat gaan voordat U my geseën het nie." Ek is seker daarvan dat ons baie meer oorwinnings sal behaal as ons net 'n bietjie langer wil aanhou.

Na drie-en-'n-kwart uur verander die atmosfeer in die kamer waarneembaar. Dit was asof die hemel skielik op ons neergedaal het. In ekstase roep ek uit: "Halleluja!" Dit was in elk geval wat ek wou hê. Maar, wat toe werklik uitkom was 'n vreemde woord wat ek nie geken het nie. Ek probeer toe weer: "Halleluja!" Maar toe borrel dit soos 'n fontein en ek hoor myself spreek in 'n vreemde taal wat ek nooit geleer het nie. Toe weet ek dat dit eg was, dat dit kom van die Here, en dit is lieflik in ons oë.

Ek het op my voete gestaan en die Here geloof en geprys terwyl my tong verborgenhede met God spreek: "Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede." [1Korinthiërs 14:2). Ek kon egter nie lank op my voete staan nie, want ek het soos 'n dronk man gewaggel. Die Skrif sê mos die mense het gedink die dissipels was vol soetwyn (op die dag van Pinkster).

Ons het aangesit vir ete, maar dit huil en lag deurmekaar. O, die vreugde om 'n geopende fontein in die binneste te hê. Jesus sê mos dit sal opspring in julle binneste soos riviere of strome van lewende water.

In Vennootskap met die Heilige Gees

Op pad terug Stellenbosch toe, moet almal hoor van die wonder wat met my gebeur het; selfs die kaartjies-ondersoeker moes deurloop. O, die ideale wat ek gekoester het. Ek ken mos my medestudente; ek ken hulle tekortkominge. Ek weet dat hulle die Here baie nodig het. Ag, as ek tog maar hierdie nuutgevonde vrede aan hulle kon oordra.

Ek het visioene gesien van 'n magtige herlewing opStellenbosch, van studente wat kragdadig tot bekering kom en wegbreek uit die beperkinge van tradisionele godsdiens. Die eerste persoon met wie ek kon praat, was my beste maat, Hannes Nieuwoudt. Terwyl ek hom vertel van my merkwaardige ondervinding van die afgelope tyd, begin hy skielik op sy tande kners., en uiteindelik bars hy uit: "Kyk hier, Hannes, as jy nie nou ophou nie, is dit die einde van ons vriendskap. My godsdiens is vir my te heilig; ek praat nie graag daaroor nie." Hoe kon ek tog swyg? Het ek nie feitlik uit die dode opgestaan nie?

Ek sit in die klas terwyl die professor se stem voortdreun. Elke skrywer, elke digter soek na iets, na geluk, 'n plek of 'n toestand waarheen hulle kan ontvlug. Ek sien my ou self weer waar ek snags in die koue oggendure my

smart in versvorm probeer giet, soos mens gesmelte staal in matryse gooi. Dan voel ek lus om hardop uit te roep, "Eureka! Ek het dit gevind!"

Mense, kan julle dan nie verstaan nie? Digters, skrywers, ek het die antwoord. Jesus is die antwoord. Vlug na Hom toe. Hy nooi: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."

My Ontnugtering

Daardie eerste Sondag is ek op my plek in die kerk. Ek behoort nog aan die NG Kerk; ek het nie eers geweet van 'n Pinksterkerk op Stellenbosch nie. Sondagaand, ná die diens, sê die Here vir my dat ek na Ds. Louw se huis moet gaan. Daar was daardie aand ongeveer dertig studente, behalwe Ds. Louw en Mev. Louw met hulle kinders, o.a. ook 'n Dr. Louw van die Sending in die destydse Nyassaland.

Na die gewone gemeenplaashede sê ek vir Ds. Louw:

"Dominee, gee u om as ek my getuienis gee?"

"Nee, gaan maar voort", antwoord hy.

Hy onthou dat ek agt maande gelede vir hom kom vertel het van my bekering op die walle van Eersterivier.

"My medestudente," het ek begin, "julle ken my almal baie goed. Ek was altyd die grapmaker onder julle. Ook het ek leiding geneem in die geestelike sake van die CSV. Maar ek wil vanaand vir julle sê ... ek was verlore, ek was op pad hel toe met my godsdiens en al."

Sommige van die wat teenwoordig was, het verbaas opgekyk. Sulke dinge hoor mens nie dikwels in Stellenbosch nie. Dit word nie beskou as goeie smaak nie. Maar, toe ek sê ek is gedoop deur onderdompeling, het almal die koppe laat sak. Die atmosfeer was so dik dat jy dit figuurlik met 'n mes kon sny. Verder, toe ek vertel van die doping in die Heilige Gees en die spreek in ander tale, het almal anderpad gekyk. Die spanning was seker vir hulle ondraaglik. Maar, die Gees van die Here was vaardig oor my en ek het met groot vrymoedigheid gespreek.

Toe ek klaar is, vra Mev. Louw vir my: "In watter taal het u gespreek?" Ek sê toe ek weet nie, want die Bybel sê niemand verstaan dit nie.

"Stil!" se sy heftig. "Ek wil nie met jou stry nie."

Ds. Louw besluit toe maar om die beste onder die omstandighede te doen en stel toe voor dat ons afsluit met gebed. Nadat hy kortliks gebid het, het die studente woordeloos by die voordeur uit verdwyn. Nadat almal weg was, neem Ds. Louw my na buite op die stoep en trek die deur agter hom toe. Hy neem toe my hand in altwee sy ou verrimpelde hande en met trane van aandoening sê hy: "Jong man, mag God met jou wees." Twee jaar later het ek weer na hom toe gegaan met die woorde: "Dominee, die stroom word nog al hoe dieper en breër." Hy het my net woordeloos aangestaar. O, God is goed vir die mens, en

Hy is goed vir my; aan Hom al die eer en die lof en die heerlikheid tot in alle ewigheid.

Ek leer wat die Smaad van die Kruis beteken

Daardie Maandagoggend het dit gegons in die gange van die Universiteit. Het julle gehoor, Labuschagne is 'n sekte. Soos 'n veldbrand het dit versprei. Ek was skielik soos 'n melaatse. Ek kom in die klas; niemand wil langs my sit nie; niemand wil met my praat nie. Al wat ek ontmoet, is vuil kyke. Ek kon dit nie begryp nie. Kan hulle dan nie verstaan nie? Ek het niks verkeerds gedoen nie; ek voel so gelukkig want ek het die *Pêrel van Groot Waarde* gevind. Toe moes ek op die harde manier uitvind dat die weg van die Kruis 'n nou paadjie is. Daar is net plek vir Jesus en jy.

My beste maats vermy my op straat. Ek kom in die kerk vir kooroefening; maar die orrelis het my net so vuil kyk gegee. Niemand wil langs my staan nie. Ek staan hier eenkant, en soos 'n getroue ou brakkie draf ek maar saam. 'n Predikant het jare later vir my gesê:

"Ek kan julle mense nie verstaan nie. Sodra julle nou bekeerd is, soos julle sê, dan verlaat julle die kerk."

"Nee dominee, u maak 'n fout. Ek het nooit die kerk verlaat nie. Ek was lief vir my kerk, maar my kerk het my verlaat. Hoe ver kon ek soos 'n geduldige brakkie saamdraf terwyl ek elke dag onder die hiel van verguising moes lewe?"

Julle weë is nie My weë nie spreek die Here

Die Here was baie geduldig met my. Hy het geweet dat Hy moes speen van die Kerk soos 'n moeder haar kind speen. Een oggend kom ek 'n halfuur laat vir diens. Dis ongehoord; ek kan nie nou ingaan nie. En, net daar, praat die Here weer met my: Onthou jy dat jy verlede jaar in die telefoongids die naam 'Apostoliese Geloof Sending' (AGS) gesien het. Gaan kyk wat die adres is en gaan daarheen. Ek het my na die poskantoor gehaas en die adres gevind.

Straat op en straat af het ek met my fiets gery. Uiteindelik vind ek die plek in 'n deel van die dorp wat vir my onbekend was. Toe ek by die voordeur instap, was hulle juis besig om te sing: "With Christ in the Vessel I can smile at the Storm."

Ek het onmiddellik geweet dat dit my mense was dié. Daar was daardie oggend nie eers 'n pastoor teenwoordig nie, maar dit het geen saak gemaak nie. Die atmosfeer was reg. Uit daardie gemeente het die Here vir my 'n vrou gegee wat al vir oor die dertig jaar getrou aan my sy staan in die diens van die Meester. God sy gedank vir haar. Die persoon wat ons getrou het, het hierdie Skrifgedeelte gelees: "Hy wat 'n vrou gevind het, het iets goed gevind." Waarlik, die Here was goed vir my om vir my so lewensmaat te gee.

My eie broer by wie ek tuisgegaan het, het my gevra om liewer ander losies te soek. My arme skoonsuster se senuwees wou ingee, en my broer droom die Here kom en hy bly agter. Ek verseker u ek het nie onwys opgetree nie, want die Heilige Gees leer 'n mens wysheid saam met kennis. Dit was net eenvoudig die atmosfeer in die huis as gevolg van baie gebed.

Ek aanbid toe by die AGS, en in daardie jaar het ek slegs twee dienste gemis. Die Here stuur toe vir ons 'n Pastoor Tienie van Rensburg as herder van die gemeente. Onder sy uiters bekwame en simpatieke leiding kon ek toe opwas vir die taak wat later op my gewag het. Gebed was van die begin af vir my soet. 'n Klompie van ons het dan ook elke Donderdagaand bymekaar gekom om te bid. Die dekaan van die *Fakulteit Engels* het egter elke Donderdagaand drama-lesings aangebied by sy huis, en toe moes ek kies: dramalesings of gebed. Natuurlik het gebed gewen.

Ek weet tot vandag toe nie hoe die professor se huis daar uitsien van binne nie. Die gevolg was egter dat hy 'n oog op my gekry het, aangesien hy dit as 'n persoonlike belediging beskou het. Hy was dus vasbeslote om my die vak te laat druip.

Nog 'n Wonderwerk gebeur

Ek het maar die ou professor se naam op my gebedslys geplaas en gereeld vir hom gebid. Toe die eindeksamen aanbreek, het ek my boeke almal op my bed uitgepak. Ek het langs die bed gaan kniel en min of meer so gebid: "Ag Here, U weet dat ek in die afgelope jaar U getrou gedien het. En nou, Here Jesus, het die oomblik van waarheid vir my aangebreek; ek moes verantwoording doen in die eksamens. Here, help my om die regte vrae te leer."

God is getrou. Toe ek in die eksamenlokaal my vraestel vlugtig lees, ontdek ek dat ek alles ken. Van die 42 vrae het ek 41.5 volledig geantwoord. Toe die uitslae verskyn, pryk my naam saam met diegene wat geslaag het.. My ou professor is kort daarna oorlede, maar ek roem nog in die God van my heil.

Ek word voor die Swartspan gedaag

Ek kry 'n dringende boodskap dat ek die sekretaris van die CSV, Proponent Liebenberg, moet gaan spreek. Ek neem toe my Bybel een middag en stap na die kweekskool waar ek hom sou ontmoet. Toe ek inkom by die deur van sy kantoor, roep hy uit:

"Wat het jy nou aangevang, ou Labbu. Ek hoor jy het jou laat doop."

"Ja, Oom Fred", antwoord ek. "Maar, ek sien u is besig om 'n boek te skrywe oor heiligmaking soos ons dit vind in die geskrifte van Dr. Andrew Murray... sê my, is u al gedoop in die Heilige Gees?" Ek stuur toe by die waterdoop verby,

want ek was so vol van die Heilige Gees dat ek skaars oor iets anders kan praat.

"Wel, ek meen so," antwoord hy.

"Het u in tale gespreek?" wou ek weet.

"Nee, dit is nie nodig nie," kap hy terug.

Vir meer as drie uur het ons daar gesit en redeneer oor die Heilige Gees. Uiteindelik sê hy vir my:

"Man, ek sal vir jou sê wat tale spreek is. Hier in Stellenbosch was 'n wasvrou wat vir 'n professor gewerk het. Toe sy die dag op sterwe lê, begin sy skielik in 'n ander taal spreek. Ons het dit vreemd gevind dat hierdie ongeletterde vrou so vlot kon praat en ons het toe verskillende professore ingeroep om te kom luister. Uiteindelik kom die professor in Latyn en vertel toe dat die vrou suiwer Latyn praat. Toe moes ons 'n verklaring vir hierdie sonderlinge verskynsel vind. Ons gaan toe op haar lewe terug en ons ontdek toe dat, toe sy 'n klein dogterjie was, haar moeder vir 'n professor in Latyn gewerk het. Waarskynlik het die professor op en af geloop en hardop gelees uit 'n Latynse boek. Dit het toe behoue gebly in haar onderbewussyn, en toe sy ylend op haar sterfbed lê, het die woorde skielik uit die onderbewussyn na vore gekom."

Al wat ek toe daarop geantwoord het, was:

"Sê my, Oom Fred, het daardie honderd-en-twintig wat op die dag van Pinkster gedoop is in die Heilige Gees met die spreek in ander tale, se moeders ook almal by professors gewerk?"

Op die oomblik word hy kwaad en sê: "'n Mens kom ook nie met julle tereg nie. Kom laat ek vir jou bid"

Nadat hy vir my gebid het, het ek ook ernstig vir hom gebid. Ek het hom nooit weer gesien nie. Mag die Here hom seën; hy was so goeie man, maar hy het nie verstaan nie.

Die Here praat weer met my in 'n Gesig

In daardie laaste jaar op Stellenbosch het God dit nodig gevind om weer met my te praat. Omdat die Here my uit-en-uit gered het, en ek volkome gebreek het met my vorige lewe, het ek dit vreemd gevind dat daar Christene kon wees wat nie aldag in opregtheid voor die Here wandel nie. Hierdie persone in ons eie gemeente was vir my 'n struikelblok en God wou my help om nie te struikel nie. Gesigte en drome is nie 'n teken van geestelikheid nie. Dit is baie keer net andersom. Dit is juis omdat ons swak is dat die Here ons tegemoet kom op hierdie manier.

Ek onthou dat oorlede Pastoor Henning van Brakpan my eendag vertel het van 'n engel in blou gekleed wat gedurig by hom was ná sy bekering. En, nadat hy gedoop was in die Heilige Gees, was daar gedurig 'n ligkring om hom heen. Toe ek hom vra of dit nog by hom is, toe lag hy en sê, "Nee, dit is nie meer

